Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Is God in die gewone allerdaagse?

Skriflesing: Genesis 24 (1953)

1 EN Abraham was oud en ver op sy dae, en die HERE het
Abraham in alles geseën.
2 Toe sê Abraham aan sy dienaar, die oudste van sy huis wat die
opsig gehad het oor al sy goed: Lê tog jou hand onder my heup,
3 dat ek jou kan laat sweer by die HERE, die God van die hemel
en die God van die aarde, dat jy vir my seun geen vrou sal neem
uit die dogters van die Kanaäniete onder wie ek woon nie;

11 En hy het die kamele laat neerkniel buitekant die stad by 'n put,
teen die aand, teen die tyd dat die vroue uitgaan om water te skep,
12 en gesê: HERE, God van Abraham, my heer, laat ek haar tog
vandag ontmoet, en bewys guns aan Abraham, my heer.

18 En sy antwoord: Drink, my heer! Daarop laat sy gou haar kruik
op haar hand afsak en laat hom drink.
19 Nadat sy hom genoeg laat drink het, sê sy: Ek sal vir u kamele
ook skep totdat hulle genoeg gedrink het.
20 Dadelik het sy toe haar kruik in die drinkbak leeggemaak en
weer na die put geloop om te skep en vir al sy kamele geskep.
21 En die man het haar stilswyend betrag om te weet of die HERE
sy weg voorspoedig gemaak het of nie.
22 En toe die kamele genoeg gedrink het, neem die man 'n goue
ring, 'n halfsikkel in gewig, en twee armbande vir haar hande,
tien sikkels goud in gewig.
23 En hy sê: Wie se dogter is jy? Vertel my tog. Is daar plek vir
ons in die huis van jou vader om te vernag?
24 Toe antwoord sy hom: Ek is die dogter van Bétuel, die seun van
Milka wat sy vir Nahor gebaar het.
25 Verder sê sy vir hom: Daar is ook strooi en voer in oorvloed by
ons, ook plek om te vernag.
26 Toe buig die man hom neer en aanbid die HERE

49 As julle dan nou guns en trou aan my heer wil bewys, sê dit vir
my; en so nie, sê dit vir my, dat ek regs of links kan gaan.
50 Toe antwoord Laban en Bétuel en sê: Van die HERE kom die
saak; ons kan jou daar geen kwaad of goed van spreek nie.
51 Daar staan Rebekka voor jou, neem haar en gaan heen, dat sy 'n
vrou kan wees vir die seun van jou heer, soos die HERE gespreek
het.
52 Toe die dienaar van Abraham hulle woorde hoor, het hy hom
voor die HERE neergebuig na die aarde toe.

58 En hulle het Rebekka geroep en haar gevra: Wil jy met hierdie
man saamgaan? En sy antwoord: Ja.
59 Daarop het hulle Rebekka, hulle suster, en haar oppasser laat
trek saam met die dienaar van Abraham en sy manne.
60 En hulle het Rebekka geseën en aan haar gesê: Ons suster, mag
jy duisende van tienduisende word, en mag jou nageslag die poort
van sy vyande in besit neem!
61 Toe het Rebekka en haar diensmeisies hulle klaargemaak en op
die kamele weggery en die man gevolg. So het die dienaar dan
Rebekka saamgeneem en weggetrek.
62 En Isak het uit die rigting van die put Lagai-Roï gekom; want
hy het gaan woon in die Suidland.
63 En Isak het teen die aand uitgegaan om te peins in die veld. En
toe hy sy oë opslaan, sien hy meteens kamele aankom.
64 Rebekka het ook haar oë opgeslaan en Isak gesien. Toe het sy
van die kameel afgegly
65 en aan haar dienaar gesê: Watter man is dit wat ons
tegemoetloop in die veld? En die dienaar antwoord: Dit is my
heer. Toe neem sy die sluier en bedek haar.
66 Daarop het die dienaar aan Isak alles vertel wat hy gedoen het.
67 En Isak het haar in die tent van sy moeder Sara ingebring en
Rebekka geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het haar
liefgehad. So is Isak dan getroos ná die dood van sy moeder.

Broodjies vir die pad

One other feature of the narrative deserves special mention. Although God does not intervene in a supernatural manner, the reader nevertheless is left with the absolute conviction that the guiding hand of Providence is present from first to last. The narrative conveys the clear impression that the commonplace and the natural are the arena for the realization of God's unfolding plan of history.

http://gregoryjenks.com/2014/06/30/fourth-sunday-after-pentecost-6-july-2014

◆◆◆

MAAN

Die maan se geduld, getrou aan haarself
en hoe sy nog altyd was, bly my by
in hierdie groot en wye Suidernag.
Ek kyk uit oor die veld, op in die lug
waar haar lig gedemp oor die aarde val
en die kollektiewe geheue is
van hulle wat, soos ek, haar aanskou het:
deur die tye heen op haar vaste baan,
geyk deur die kragte van die planeet.
O sielsgenoot, o tydige werpsel
in die groot hemelruim en ewigheid,
laat jou lig skyn oor een wat iewers is.

Johann Lodewyk Marais

http://versindaba.co.za/2014/07/03/johann-lodewyk-marais-maan

◆◆◆

'Privacy gaat juist om veiligheid'

Wilfred van de Poll

Minder privacy, zo doen overheden ons geloven, is de prijs die de burger moet betalen voor meer veiligheid. Dat zijn telefoon wordt afgetapt en zijn internetgedrag bespioneerd: het is in zijn eigen belang. Privacy en veiligheid zijn communicerende vaten, het een gaat ten koste van het ander.

Filosofe Marjan Slob verzet zich tegen deze voorstelling van zaken. "Ik kom die overal tegen, het is haast een cliché. Maar hij klopt niet", zegt ze. Met Esmée Schilte schreef ze het boek 'Mensenrechten in beweging: privacy, klimaatverandering en de internationale rechtsorde', dat net is verschenen. Het is een uitvloeisel van een vijfjarig onderzoeksproject over 'conflicten en mensenrechten' aan de

Universiteit Utrecht. Het onderzoek naar privacy kwam voor haar rekening.

Slob: "Privacy draait in de kern om intimiteit. Een intieme, onbespiede ruimte. Als je privacy zo bekijkt, is het vreemd om die tegenover veiligheid te stellen. Intimiteit gaat juist om veiligheid. In mijn eigen privéruimte voel ik mij beschut. Je onbespied weten is een belangrijke vorm van veiligheid."

In het een interview vandaag in Trouw vraagt ze zich af we bereid zijn om onze psychische veiligheid massaal in te ruilen voor de - tamelijk minieme - kans een bomaanslag te voorkomen?

http://www.trouw.nl/tr/nl/5116/Filosofie/article/detail/3682824/2014/07/02/Privacy-gaat-juist-om-veiligheid.dhtml

◆◆◆

Hy het die gode se instink vir vlug en veg

Wilhelm Jordaan

Toe ek ’n kind was, was daar Chappies-kougom wat as jy die omhulseltjie ooprol ’n vraag had: “Did you know that” . . . gevolg deur ’n wetenswaardigheid.

In dié trant vra ek: Het jy geweet Leonard Cohen se held is die swaargewigbokser Muhammad Ali (voorheen Cassius Clay)? Dit word ’n bietjie van ’n raaisel in Sylvie Simmons se onlangse biografie oor Cohen, *I’m Your Man*.

Cohen het eers gesê hy het nie helde nie, maar ’n dag later laat hy Simmons per e-pos weet hy het tog ’n held: “i forgot / my hero is muhammad ali / as they say about the Timex in their ads / takes a lickin’ / keeps on tickin’ ”. Behalwe dat ’n mens later lees Cohen se kleinseun heet Cassius Lyon Cohen, wei Simmons nie oor Cohen en Ali uit nie.

Die verband lê miskien in “takes a lickin’ / keeps on tickin’ ” én Cohen se ironiese, melancholiese lewensblik en selfironisering. In die bokskryt was Ali ’n meester van dansende beweeglikheid, handspoed, koes, defleksie, ontduiking, die skynhou en plofkrag in die vuiste.

“Float like a butterfly and sting like a bee” en: “Your (die opponente s’n) hands can’t hit what the eyes can’t see” was van Ali se bekende bekkige sêgoed oor homself. Verder het hy ná baie terugslae telkens beter vertoon.

Metafories geld sulke beskrywings ook Cohen se lewensloop. Simmons beskryf hom as ’n vegter; iemand wat weer en weer kon opstaan en dat “die gode aan hom die instink vir veg en vlug gegee het”.

Dít het part en deel van sy enigmatiese menslikheid geword. Vrae aan hom het hy, “as a master of deflection”, byna altyd ontduik en humoristies of kripties teruggewerp. Simmons reken Cohen se loopbaan word gekenmerk deur “no strings and an escape clause”. Hy wou hom nie laat inbind, vasmaak of inperk nie. Dit is asof die digter Ernst van Heerden se openingswoorde in die gedig “Die Bokser” beskrywend is van Cohen se “lewenskryt”: “Die grense van die klein kryt / is hellende onvastigheid . . . ”

Hierin was hy as’t ware soos ’n skim wat kom en gaan; wat fop, bekoor en flous en die skielike skynhou slaan.

Vlug, vlugtigheid en paradoks het ook sy befaamde liefdeslewe gekenmerk. Toe hy daaroor uitgevra is, het hy gesê: “I had wonderful love, but I did not give back wonderful love. I was unable to reply to their love. I was obsessed with some fictional sense of separation. I couldn’t touch the thing that was offered to me everywhere.”

Daarom is die woorde van sy bekende lied / gedig “I’m Your Man” selfironiserend: “If you want a lover. / I’ll do anything you ask me to / If you want a boxer I’ll step into the ring for you / And if you want a doctor. / I’ll examine every inch of you . . . Here I stand / I’m your man.” En so aan en aan . . .

Om daarmee te sê: Ek is in beweging; ek wil alles wees en ek is dit nie: “Here I stand, I’m (not) your man.”

http://www.beeld.com/opinie/2014-07-02-hy-het-die-gode-se-instink-vir-vlug-en-veg

Brood vir die pad

Waaroor gee ons eintlik werklik om?

Dirkie Smit

Waaroor gee ons werklik om? Wat maak waarlik vir ons saak? Wat dra gewig – sóveel dat ons bereid is om daarvoor op te offer? Of sóveel dat ons lewe daar sonder werklik armer sou wees? Dalk sóveel dat ons daarmee gaan slaap en daarmee opstaan, ons daaroor sorge maak, ons daarvoor vermoei? ’n Mens kan dié vraag op vele maniere stel, maar dis klaarblyklik ’n kernvraag, vir ons almal, in elkeen se lewe. Waaroor gee ons om? Waarvoor lewe ons, eintlik? Wat maak ons lewe die moeite werd? Dis vrae dié op soek na die diepste antwoorde wat ons kán gee, ook áán onsself óór onsself. Antwoorde soos spieëls, waaruit sal blyk wie ons eintlik ís.

Juis daarom is dit so merkwaardig. In ’n opspraak-wekkende opstel maak die Princetonse filosoof Harry Frankfurt dit destyds duidelik dat ons dié vraag eintlik baie min bewustelik stel – en probeer antwoord. Die waarheid is dat ons eintlik net elke dag áángaan, vóórtleef, besig bly, ons inspan en selfs afsloof ásof ons die antwoorde klaar ken – terwyl ons dalk glad nie weet waaroor ons omgee nie! Trouens, selfs filosowe, die denktradisies van die laaste eeue, sê hy, het dié vraag nie ernstig geneem nie. Hulle wou eerder twee ánder vrae beantwoord, te wete dié na wat ons kan weet en mag glo, na kennis, sekerheid en betroubaarheid (bekend as epistemologie), en dié na wat ons behoort te doen of nie, na goed en kwaad, reg en verkeerd, moreel en boos (bekend as etiek). Dié derde vraag, daarenteen, waarvan ons met reg mag vermoed dat dit dalk die heel belangrikste is, het nooit ontwikkel tot ’n eie filosofiese terrein nie.

Nou is dit nie asof ons nie bewus was of is van dié vraag nie, inteendeel. Invloedryke denkers deur alle eeue sou trouens sê dat ons, om waarlik méns te kan wees, basies drie vrae beantwoord wil hê. Dink maar aan Jesus, oor die weg, die waarheid en die lewe (Joh. 14:6). ’n Mens kan tog selfs sê dat “waarheid” te make het met kennis, “weg” met vrae van etiek en “lewe” met vrae van omgee, van prioriteite en waardes? Die lys van denkers wat – elk op ’n eie manier – óók van sulke drie vrae sou uitgaan, is oneindig, Plato, Aristoteles, Aquinas, Kant, en télkens het die derde vraag te make met dit waaroor ons omgee, wat vir ons mooi is, waarop ons hoop.

En tog, merkwaardig. In The Importance of What We Care About sê Frankfurt dat ons dié vraag wel ken, en ook summier kan insien hoe sentraal dit eintlik is – maar dat ons tog nie maklik daarop kan antwoord nie. Omdat ons so min daaroor nadink. Omdat ons elke dag aangaan ásof ons ons eie antwoorde ken, terwyl dit nie regtig so is nie. Dis net soms terloops dat ons daaroor dink, soos as ons onthou dat ons op ons sterfbed (met spyt en selfverwyt) dalk mag vra waarom ons nie meer tyd aan dié en minder aan dát bestee het nie? Dís tog die vraag waaroor ons regtig omgee, net anders gestel? Maar selfs dié gevoel duur dan meesal net ’n oomblik en verander skaars ons gedrag en prioriteite, of hoe? Dis byna asof ons nie omgee waaroor ons omgee nie?

http://www.dieburger.com/opinie/2014-06-28-waaroor-geeons-eintlikwerklik-om

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877